

NGAKA!

'n **V**OLLEDIGE uitrusting van 'n Suid-Sotha *ngaka*, oftewel toordokter, het onlangs in die besit van die Museum gekom. Dit is afkomstig van 'n praktiserende toordokter uit die distrik Excelsior en is sover bekend die enigste sodanige stel wat in Blanke besit is.

Die uitrusting bestaan uit twee dele naamlik, 'n dolosstel (*ditaola*) en 'n verskeidenheid kruie en ander medisyne. Die *ditaola* is vir die toordokter (*ngaka*) die belangrikste deel van die stel. Deur die valwyse van die verskillende stukke spreek die voorvadergeeste (*badimo*) tot hom. Hulle verklaar aan hom in watter sieketoestand die pasiënt verkeer of watter bonatuurlike kragte op die individue of gemeenskap inwerk.

Dat empiriese kennis 'n rol speel in sy praktyk, is duidelik. Alhoewel die *ngaka* dikwels te kenne gee dat hy die pasiënt op magiese wyse genees, beskik hy gewoonlik oor 'n baie goeie kennis van die geneeskundige eienskappe van veldplante. Die toordokter oefen onder die Suid-Sotho ook 'n sterk religieuse invloed uit.

Die *ditaola* is die kern van die stel, en bestaan uit twee ivoor- of beenstukkie en is gesamentlik bekend as die *tlou* (olifant). Hierdie stukkie het elk 'n naam en staan bekend as die *legwama*, dit wil sê *ou man met wit kop* wat ook hoof is van die stel en die *thwagadima* dit wil sê *ou vrou*, wat ook die vrou van die *legwama* is. Op die een kant van hierdie beenstukkie is versierings bestaande uit 'n aantal snytjies, sowel as 'n reeks kolletjies aangebring. Die vroulike deel word uitgekien aan



Die "*ditaola*" met die *tlou* (twee langwerpige stukkie been), die "*tša-meetsa*" (skulpe), "*tša-naga*" (dolosse) en die geldstukkie wat veronderstel is om "*krag*" te gee aan die stel.

die kepie wat onder uitgesny is, asook 'n gaatjie aan die bokant.

Benewens die kernbestanddele bevat die stel ook nog twee ander belangrike groepe voorwerpe naamlik, die *tša-meetsa* (van die water) en die *tša-naga* (van die veld). Die *tša-meetsa* is 'n verskeidenheid skulpies en word met dieselfde name as die kernbestanddele aangedui naam-

lik, *legwame* – 'n klein gespikkelde skulpie, *thwagadima* 'n groot gespikkelde skulp, *lengwana* – 'n langwerpige gestreepte skulpie en *tshilume* – 'n langwerpige vaalbruin skulp. Die *tša-naga* bestaan uit voetbeentjies of dolosse van 'n skaap of bok wat ook bogenoemde name dra. Die geldstukkie is daar om "*krag*" te gee aan die stel. Al hierdie bykomstighede dien egter net tot ondersteuning van die hoofbestanddeel, naamlik die *tlou*.



Die borsvere van 'n *kolgans*, 'n stukkie krimpvarkvel, 'n maanhaarjakkals se stertpunt en 'n bobbejaanhand. Hierdie bestanddele van die uitrusting het besondere magiese waarde vir die "*ngaka*".



Die volledige "*ngaka*"-uitrusting met die kruie en ander medisyne. Die ronde klip of geluksteen in die trommel stel glo die "*ngaka*" in staat om gou en reg te diagnoseer.



Nuwe vakkundiges

DRIE vakkundige beamptes is onlangs aangestel. In die gewone volgorde verskyn Kobus Dreyer, Argeoloog, voorheen verbonde aan die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria; Riaan Badenhorst, Historikus, voer onderwyser te Winburg en Basjan van Niekerk, Etnoloog, voorheen van die Departement Volkekunde aan die Universiteit Stellenbosch.